NOVA FEEDS · VOERE

Skaap Reeks

Nova se skaapreeks bestaan uit 'n reeks semi-volledige, volledige en aanvullende produkte om aan die verskillende fisiologiese stadiums binne die produksie siklusse van skape te voldoen.

Innovasie in Dierevoeding

QUANTUM FOODS

Paterson: 042 235 1702
Malmesbury: 022 487 9100
George: 044 871 2000
Pretoria: 012 562 0531

Soek ons aanlyn:
www.novafeeds.co.za

LAMB CREEP

Volledige kruipvoer vir lammers by ooie wat ad lib in kruiphokke voorsien kan word.

LAMB FINISHER

Volledige afrondvoer vir die voerkraalafronding van lammers.

MAINTENANCE PELLET

Volledige voer wat as aanvulling gevoer kan word vir onderhoud en ook vir die aanpassingsfase in voerkrale gebruik kan word.

MAXI LAMB

Nuwe-generasie volledige afrondvoer vir voerkraalafronding van lammers.

EWE & LAMB

Semi-volledige voer wat vir ooie gevoer kan word tydens prikkel, dek en laktasie.

DROUGHT PELLET

Volledige voer wat ad lib aan skape gevoer kan word tydens droogte toestande.

STUD RAM

Semi-volledige voer wat as aanvulling gebruik word vir teelramme.

FIBERMAX OOI

Volledige lamhokvoer wat aan die behoeftes van ooie voldoen tydens piekproduksie.

MAXI OOI KONSENTRAAT

Konsentraat wat met kleingrane/mielies gemeng kan word om aan die behoeftes van lakterende ooie tydens piekproduksie te voldoen.

PREMAX OOI

Doelgerigte prepartum produk wat tydens die laatdragtige periode gevoer kan word saam met mediumkwaliteit ruvoer vir die voorkoming van melkkoors.

OOI EN LAM LEK

Proteïen-, energie- en mineraalaanvulling wat sonder of saam met kleingrane/mielies gevoer kan word vir onderhoud, prikkel en laat laktasie.

VOERINSTRUKSIE:

LAMB CREEP:

- Voer ad lib in kruiphokke vir lammers by ooie vir optimale rumenontwikkeling en groei.
- Bevat ammoniumchloried vir die voorkoming van blaasstene.
- Bevat ionofoor en koksidiostaat.

LAMB FINISHER:

- Voorsien ad lib aan lammers in voerkraal.
- Bevat ammoniumchloried vir die voorkoming van blaasstene.
- Bevat ionofoor en koksidiostaat.
- Groepeer lammers volgens gewig om mededinging te beperk en voorsien 1.5 to 2 m^2 per lam.
- Voorsien voldoende vreetspasie (ten minste 25 cm/lam vir aanpassingsperiode) en voldoende toegang tot vars, koel drinkwater en skaduwee.
- Indien lammers nie aan kragvoer (bv. LAMB CREEP) blootgestel was nie, is dit krities dat hulle soos volg aangepas moet word om suurpens te voorkom:
  - Opsie 1: Voer ad lib MAINTENANCE PELLET vir die eerste 10 tot 14 dae voor lammers op LAMB FINISHER gesit word.
  - Opsie 2: Volg die volgende aanpassingskedule (Tabel 1):

Dag	Lam Afrond g/lam/dag	Ruvoer
1	0	Ad lib
2	100	Ad lib
3	200	Ad lib
4	300	Ad lib
5	400	Ad lib
6	500	Ad lib
7	600	Ad lib
8	700	Ad lib
9	800	Ad lib
10	900	Ad lib
11	1000	Ad lib
12	Ad lib	Ad lib
13	Ad lib	Ad lib
14	Ad lib	GEEN

Tabel 1: Voerkraal aanpassing van lammers

MAXI LAMB:

- MAXI LAMB bevat hoër energie en hoër-gehalte proteïene as LAMB FINISHER.
- Voorsien ad lib aan lammers in voerkraal.
- Bevat ammoniumchloried vir vorkoming van blaasstene.
- Bevat ionofoor en koksidiostaat.
- Kan saam met Zilmax op voorskrif gevoer word.
- Indien lammers nie aan kragvoer (bv. LAMB CREEP) blootgestel was nie, is dit krities dat hulle, soos met LAMB FINISHER, aangepas moet word om suurpens te voorkom. Sien aanpassings opsies onder Lamafrond asook Tabel 1.
- Groepeer lammers volgens gewig om mededinging te beperk en voorsien 1.5 tot 2 m^2 per lam.
- Voorsien voldoende vreetspasie (ten minste 25 cm/lam vir aanpassingsperiode) en voldoende toegang tot vars, koel drinkwater en skaduwee.

EWE & LAMB:

- Aanvulling vir skape op veldweiding as prikkelvoeding:
- Voer drie weke voor dekking tot ‘n maand in die dekseisoen ongeveer 350 tot 500 g per skaap per dag.
- Neem die gehalte en beskikbaarheid van ruvoer in ag. Let daarop dat ooie nie oorvet raak nie, maar in ‘n positiewe energie-balans moet verkeer.
- Aanvulling vir dragtige en lakterende ooie op veldweiding:
- Begin aanvullende voeding vir dragtige ooie ses weke voor lam teen 250 tot 500 g per dag afhangende van die gehalte en beskikbaarheid van weiding.
- Ná lam moet goeie-gehalte ruvoer ad lib beskikbaar wees, saam met 500 tot 800 g aanvullende voeding.
- Produk bevat ammoniumchloried om blaasstene by ramme te voorkom.

STUD RAM:

- Semi-volledige voer vir ramme wat as aanvulling gevoer kan word.
- Bevat goeie-gehalte proteïen.
- Bevat ammoniumchloried om blaasstene te voorkom.
- Voer 400 tot 800 g/ram per dag saam met goeie-gehalte ruvoer.
- Liggaamskondisie van die ramme moet aanduiding gee van die hoeveelheid aanvullende voeding wat benodig word. Let daarop dat ramme nie oorvet word nie.

PREMAX OOI:

- PREMAX OOI is 'n unieke pre-partumproduk vir ooie voor lam waar melkkoors 'n probleem is.
- Voer 500 g/ooi per dag vir ten minste drie weke voor lam saam met ad lib hawerhooi en verhoog met 100 g/week tot en met lam.
- Sodra ooie lam, kan hulle oorgaan na FIBERMAX OOI of selfmengmengsel met MAXI-OOI KONSENTRAAT.

FIBERMAX OOI:

- Volledige voer vir ooie in lamhokkies.
- Sewe tot 14 dae voor lam kan ooie aangepas word met 500 g/dag. Verhoog tot 1 kg/dag net voor lam saam met ad lib ruvoer.
- Sodra ooie in hokke gaan, kan hulle ad lib gevoer word.
- Beperk tot 2.5 kg per ooi/dag vir 14 tot 30 dae.
- Indien kondisie dit toelaat, kan FIBERMAX OOI ná 30 dae verder beperk word tot 1.5 kg per ooi/dag.
- Indien mediumgehalte ruvoer ad lib beskikbaar is, kan FIBERMAX OOI ná 14 dae tot 1.5 kg per ooi/dag beperk word.
- Die bestuur van liggaamskondisie is krities; maak aanpassings soos nodig.
- Produk bevat nie ammoniumchloried nie, maar het 'n gunstige Ca:P verhouding om dit veilig te maak vir ramme.

OOI- EN LAM LEK:

- Veelsydige proteïen-, mineraal- en energieaanvulling wat tydens verskillende fases van die ooi en jong skaap se siklus gebruik kan word om aan behoeftes te voorsien.
- Vir onderhoud kan OOI- EN LAMLEK teen 200 tot 250 g/dag gevoer word saam met ad lib mediumgehalte ruvoer.
- Prikkel, laat dragtig en laat laktasie: Voer teen 200 tot 250 g saam met 200 tot 300 g gars/mielies, met ad lib mediumgehalte ruvoer.
- Produk bevat ammoniumchloried en is dus veilig vir die gebruik vir ramme.

MAXIOOI KONSENTRAAT:

- Konsentraat wat geformuleer is om gebruik te word vir selfmeng-kliënte wat hulle eie gars/mielies wil gebruik.
- Die produk bevat goeie-gehalte proteïene spesifiek vir ooie tydens laktasie vir optimale melkproduksie.
- Aanbevelings word kliënt-spesifiek gemaak afhangende van fisiologiese stadium en ruvoer-kwaliteit. Sien standaardaanbeveling onder:
- Voer 500 tot 600 g/ooi per dag saam met ad lib ruvoer.
- Produk kan ook gebruik word vir die afrond van lammers met gars/mielies teen 10% tot 20% van dieet, afhangende van kliënt se behoefte – Kontak Tegniese Adviseur vir aanbeveling.
- MAXI-OOI KONSENTRAAT bevat ammoniumchloried en word gebalanseer om te verseker dat die dieet veilig is vir ramme.

Grondstof	% insluiting
Gars/Mielies	40
Molasse	10
MAXIOOI KONSENTRAAT	50
Totaal	100

MAINTENANCE PELLET:

- Volledige voer wat vir ramme en ooie tydens droogte gevoer kan word om aan onderhoudsbehoefte te voldoen.
- Bevat ammoniumchloried vir die voorkoming van blaasstene.
- Voer 250 tot 500 g per skaap saam met ad lib ruvoer vir onderhoud.
- Voer ad lib vir die eerste 10 tot 14 dae in voerkraal as aanvangsdieet om lammers aan te pas voor hulle oorgaan na afronddieet.

DROUGHT PELLET:

- Volledige voer wat ad lib vir skape gevoer kan word om kondisie te handhaaf.
- Bevat ammoniumchloried vir die voorkoming van blaasstene en kan dus ook vir ramme gevoer word.

NOVA FEEDS · VOERE

PREMIUM GEFORMULEERDE VOERE

Skaap Reeks